Mei 2016

In hierdie uitgawe

Hierdie uitgawe van die Swartland Munisipaliteit se nuusbrief fokus op dienslewering. Ons lig jou ook in van al die Munisipaliteit se aktiwiteite.

Bladsy 1

Begroting vir die armes

Die munisipale begroting vir 1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017 fokus op spandering wat ekonomiese ontwikkeling en groei sal stimuleer.

Bladsy 2

Klipkoppie loop deur onder vernielsugtiges

Die misbruik van Klipkoppie hou wesenlike skade in vir inheemse renosterveld en ander plantegroei.

Page 3

Fokus op wykkomitees

Dit is nou jou kans om jou sê te sê. Raak betrokke by munisipale sake wat jou wyk raak deur jouself vir die komende wykkomitee-verkiesings verkiesbaar te stel.

Page 4

Onkunde van die reg is geen verskoning

Munisipale inwoners moet hulle vergewis van die inhoud van munisipale wette of die risiko loop van groot boetes en ander strawwe.

BLADSY 1

Pro-armes-begroting vir 2016/17

Swartland Munisipaliteit se begroting vir die 2016/17- finansiële jaar, wat onlangs goedgekeur is, fokus op spandering wat ekonomiese ontwikkeling en groei stimuleer en terselfdertyd waardige lewenstoestande aan bod bring, met inagname van die impak van toenames in dienstariewe, stadiger groei en 'n kleiner hulpbronvoorraad. Dit het die hoekstene van hierdie pro-armes- en verantwoordelike begroting gevorm, terwyl daar ook uitvoering aan finansiële volhoubaarheid gegee is. Hier onder is enkele begrotingshoogtepunte.



Foto met onderskrif: Bouwerk aan die Abbotsdale Biblioteek vorder flink. Dié biblioteek, wat oor die bestek van twee finansiële jare aangebou word met befondsing van die Provinsiale Regering, sal na raming in Januarie 2017 in bedryf gestel word.

BLADSY 2

Sluit by ons aan op Facebook!

Ons Facebook-blad is op Vrydag 30 Oktober 2015 begin. Sedertdien het die blad besonder vinnig gegroei. Die aantal *'likes'* op ons blad het die 1 000-kerf bereik teen 13 Desember 2015, 1 500 teen 10 Februarie 2016 en 2 000 teen 26 April 2016.

Ons plaas bykans elke dag (sommige dae meer as een keer) insetsels oor onderwerpe soos:

- ons waterbeperkings en die weeklikse vlak van die Voëlvleidam
- toekennings wat die Munisipaliteit gewen het
- inligting oor noodnommers en nommers waar oortredings gerapporteer kan word
- water- en kragonderbrekings
- noodsaaklike werk aan munisipale infrastruktuur wat inwoners kan verontrief
- advertering van vakante poste
- besoeke van BBP's aan ons gebied
- publieke inligtingsvergaderings
- verkeer en wetstoepassing se veiligheidsbewusmakingsveldtogte
- die skoon oudit
- langdienssertifikate vir werknemers
- groot feeste en geleenthede in ons gebied
- kantoorure en swembadtye oor vakansiedae
- jeuguitreike
- die munisipale verkiesing.

As jy nog nie ons Facebook-blad besoek het nie, doen dit. Die skakel is www.facebook.com/SwartlandMunicipality/.

En as jy een van die mense is wat versigtig vir of krities oor Facebook is, hou in gedagte dat 'n Facebook-**blad** baie verskil van 'n privaat Facebook-**profiel**. 'n Facebook-**blad** word streng beheer en daar word **slegs** inligting geplaas wat van belang vir Swartland se inwoners is.

So, wanneer jy ons Facebook-blad besoek, onthou om die Blad te ***Like.*** Sodoende maak jy seker jy gaan in die toekoms niks misloop nie.

Help om ons Klipkoppie-renosterveld te red

Mense se gebruik van die bekende en geliefde Klipkoppie in Malmesbury vir allerhande doeleindes, soos vierwielmotorfietsry, fietsry en die pluk van plante, is vir ons 'n groot bron van kommer. Ons versoek die publiek se hulp deur onreëlmatige gedrag by Klipkoppie te rapporteer, aangesien daar geen behoorlike polisiëring van die gebied is om moontlike skade aan die biodiversiteit van die terrein te verhoed nie.

Let asseblief daarop dat alhoewel Klipkoppie nog nie as 'n bewaringsgebied verklaar is nie, dit wel bewaringstatus het. Wanneer Klipkoppie ingevolge die Wet op Beskermde Gebiede as 'n bewaringsgebied geregistreer word, sal dit vir die hoogste status kwalifiseer, aangesien dit 'n kritieke biodiversiteitsgebied is weens die krities bedreigde Swartland-granietrenosterveld wat op die terrein teenwoordig is, wat talle skaars en bedreigde spesies bevat.

Ons gaan binnekort kennisgewingborde aanbring om die publiek bewus te maak van Klipkoppie se bewaringstatus, maar ons wil mense reeds waarsku om op die bestaande Klipkoppie-paadjies te bly sodat ons erosie en ander skade aan die hoogs bedreigde natuurlike plantegroei op die terrein kan verhoed.

FOTO 1: Krities bedreigde Swartland-granietrenosterveld op een van die granietdagsome op Klipkoppie, met 'n uitsig op Kasteelberg in die verte.

FOTO 2 caption: Ernstige gronderosie by Klipkoppie veroorsaak deur misbruik van die gebied deur voertuie en vierwiel- en ander motorfietse.

Moets en moenies vir munisipale werknemers

Die gedragskode vir munisipale personeellede ingevolge die Wet op Munisipale Stelsels stipuleer die reëls wat werknemers moet volg om tugmaatreëls teen hulle te verhoed.

In die algemeen moet 'n personeellid te alle tye –

- die Raad se beleide getrou uitvoer;
- sy/haar funksies te goeder trou, met toewyding, eerlik en op 'n deursigtige manier uitvoer;
- in die beste belang van die Munisipaliteit optree, en op sodanige manier dat die geloofwaardigheid en integriteit van die Munisipaliteit nie in die gedrang kom nie; en
- onpartydig optree en alle mense gelyk behandel sonder partydigheid of vooroordeel.

'n Personeellid mag spesifiek nie –

- die posisie of voorregte van 'n personeellid, of vertroulike inligting wat as 'n personeellid verkry is, vir private gewin gebruik of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie;
- 'n besluit namens die Munisipaliteit neem rakende 'n saak waarin die betrokke personeellid, of sy/haar gade, lewensmaat of sakevennoot, 'n direkte of indirekte persoonlike of privaat sakebelang het nie;
- betrokke wees by enige besigheid, ambag of professie buiten die werk van die Munisipaliteit nie, behalwe met die vooraftoestemming van laasgenoemde;

- 'n betrokke party of begunstigde ingevolge 'n kontrak wees vir die verskaffing van goedere of dienste aan enige munisipaliteit nie;
- sonder toestemming enige beskermde of vertroulike inligting wat as 'n personeellid bekom is, bekend maak nie;
- die Raad of 'n struktuur of funksionaris van die Raad onbehoorlik beïnvloed met die doel om enige aanstelling, bevordering, voorreg, voordeel of wins vir hom-/haarself of 'n familielid, vriend of vennoot te bekom nie;
- betrokke wees by 'n sakeonderneming met 'n raadslid sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Raad nie;
- enige beloning, geskenke of guns versoek, aanvra of aanvaar om onder andere die Raad of struktuur of funksionaris rakende die uitoefening van enige mag of die uitvoer van enige plig te oorreed nie;
- enige eiendom of bate wat deur die Munisipaliteit besit word waarop die personeellid geen reg het in gebruik, neem, bekom of daaruit voordeel trek nie;
- deelneem aan 'n verkiesing van die Raad van die Munisipaliteit buiten in 'n amptelike hoedanigheid of ingevolge enige grondwetlike regte nie;
- aan enige optrede deelneem wat op seksuele teistering neerkom nie.

Indien u daarvan bewus is dat 'n werknemer van die Munisipaliteit hierdie reëls oortree, moet u asseblief die volledige besonderhede van die beweerde gedrag by die interne ouditeur by 022 487 9400 vir ondersoek aanmeld.

Beperk waterverbruik

Totdat die watersituasie in die Swartland dramaties verbeter, geld die sogenaamde vlak 2- (20%-)waterbeperkings.

Die gebruik van drinkbare water vir die natlei/besproeiing van tuine en die aanvul van swembaddens is verbode. Die gebruik van tuinslange, byvoorbeeld om harde oppervlakke of geplaveide areas af te spuit en voertuie te was (met inbegrip van ontspanningsvoertuie en watertuie), is ook verbode.

Ons bedank al ons inwoners vir hul pogings en toewyding om hierdie waardevolle hulpbron te bespaar.

BLADSY 3

Verkiesing van wykskomitees

Gemeenskappe en inwoners het die reg en die verantwoordelikheid om aan die besluitnemingsprosesse van die Munisipaliteit deel te neem. Die wyksdeelnamestelsel, waarvolgens wykskomitees ingestel is, is gemik op die daarstelling van 'n geloofwaardige stelsel waardeur burgerdeelname aan plaaslike bestuur na verwagting moet plaasvind.

Na afloop van die plaaslike verkiesings in Augustus vanjaar gaan **SM** se inwoners weer geleentheid hê om persone op wykskomitees aan te wys wat hul belange in wyksverband kan verteenwoordig. Wetgewing vereis dat daar een wykskomitee aangewys moet word vir elkeen van die 12 wyke in **SM** se regsgebied.

Doel van wykskomitees:

Wykskomitees word beskou as dié belangrikste bousteen om deelnemende demokrasie in plaaslike regeringsaangeleenthede aan te moedig en uit te bou. Die primêre oogmerk daarvan is om beter en doeltreffender kommunikasiekanale tussen inwoners en die Munisipale Raad te bevorder. Dit sal verder ook 'n belangrike rol speel om insette te lewer en/of behoeftes te identifiseer vir die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en munisipale begroting wat jaarliks hersien moet word.

Watter status het wykskomitees?

Wykskomitees is adviesforums wat getaak is om hul wyksraadslede te adviseer oor sake wat die wyke raak. Dit is nie politieke platforms nie, maar komitees wat die gemeenskap verteenwoordig, wat hul pligte sonder vrees, partydigheid of vooroordeel moet uitvoer.

Hoe word 'n wykskomitee saamgestel?

'n Wykskomitee bestaan uit: -
- 'n wyksraadslid wat ingevolge die Strukturewet *ipso facto* die voorsitter van die komitee is, en
- tien ander persone wat belange sal verteenwoordig.

[BLOK: Billike verteenwoordiging van geslag, diversiteit van belange en geografiese verteenwoordigign moet te alle tye nagestreef word.]

Die volgende word as belangegroepe geïdentifiseer:

georganiseerde sakekamers en/of verenigings; belastingbetalers- en/of gemeenskaps- en/of inwonersverenigings; toerismeverenigings; omgewingsbewaringsgerigte organisasies; informele handelaarsverenigings of enige ander

onderneming wat 'n belang het in handel en nywerheid of toerisme; welsynsorganisasies; nie-regeringsorganisasies; kerke; organisasies en/of verenigings wat die jeug verteenwoordig; organisasies en/of verenigings wat die vroue verteenwoordig, instellings en/of organisasies wat opvoeding op die hart dra of enige ander organisasie wat 'n belang het in welsyn; gemeenskapsveiligheidsforums of enige ander organisasie wat 'n belang het in veiligheid; boereverenigings, landbou gebaseerde organisasie, maatskappye, beslote korporasies; kleinboereverenigings; plaaswerkersverenigings of soortgelyke organisasies wat daarop aanspraak maak dat hul die belange van plaaswerkers op die hart dra en wat redelik verteenwoordigend is van plaaswerkers; enige sport-, ontspannings- en/of kulturele organisasie, vereniging of assosiasie.

Wie kom in aanmerking vir verkiesing tot die wykskomitee?

Persone wat genomineer word –

MOET op die kieserslys van die Munisipaliteit geregistreer wees (vir hierdie doel sal die bygewerkte nasionale kieserslys op die Onafhanklike Verkiesingskommissie se databasis gebruik word om te bepaal of 'n persoon as 'n kieser geregistreer is al dan nie)

MAG NIE 'n lid van die Raad of 'n werknemer van SM of die Weskus Distriksmunisipaliteit wees, of vir meer as drie maande by die Munisipaliteit in die skuld staan nie.

Wie mag stem vir wykskomiteelede?

Enige kieser wat: -

- 18 jaar of ouer is, en
- Geregistreer is op die kieserslys van die wyk waarvoor die komitee aangewys word,

mag tydens die stemming vir wykskomiteelede, sy/haar stem uitbring.

Benut die kans om u stem te laat hoor!

As burgers aktief in die gemeenskapslewe deelneem, word lewensgehalte verhoog!

Hou die pers en ons webtuiste dop vir inligting oor die wykskomiteeverkiesings.

BLADSY 4

Swartland munisipale gebied met een oogopslag



Gesondheid, 2015

Primêre gesondheidsorgfasiliteite 5	Inentingskoers 74.9%	Moedersterftekoers (per 100 000 lewende geboortes) 0.0	Tienerswangerskappe - geboortekoers vir vroue O/18 8.2%	

Veiligheid en sekuriteit – werklike aantal misdade in 2014/15

Huishoudelike inbrake 721	Bestuur onder die invloed 125	Dwelmverwante misdaad 1 708	Moorde 29	Seksuele oortredings 176	

Nuwe munisipale wetgewing

Om sy grondwetlike funksies na behore te kan reguleer, het die munisipale raad die volgende verordeninge onlangs aangeneem:

- **Gebeurtenisse**: Om alle gebeurtenisse te reguleer wat in die munisipale gebied gehou word en die aansoekproses en -vereistes vir verskillende gebeurteniskategorieë, naamlik klein, medium, groot en baie groot, te bepaal. Navrae: Madelaine Terblanche
- **Informele handel**: Om informele handel in openbare paaie en plekke te reguleer, en – onder andere – die verwydering en skut van goedere, asook die verkoop daarvan, te reguleer. Navrae: Philip Humphreys
- **Grensmure en -heinings**: Om mure en heinings te reguleer met die doel om huise en besoekers te beveilig. Dit skryf onder andere die hoogte van mure en heinings voor, asook die materiaal wat gebruik moet word. Navrae: Alwyn Zaayman
- **Parkering**: Om bepalings neer te lê rakende die verskaffing, regulering van en beheer oor parkering in die munisipale regsgebied. Navrae: Philip Humphreys

Al bogenoemde verordeninge is in sowel Afrikaans as Engels beskikbaar. Afskrifte kan deur die e-posskakel op die Munisipaliteit se webtuiste versoek word.